1.1.2. DIE SKUINS-STAMMIGE PIERNEEFSTYL:

In hierdie variasie van die Pierneefstyl is dit gewoonlik die hoek van die stam wat die belangrikste element in die styl vorm.

- Die boom word gewoonlik in die een helfte van die pot geplant met die oorleunende tak oor die grootste gedeelte van die bak.



- Die middelpunt van die kroon sou normaalweg ongeveer in die middel van die pot by punt A wees. Namate die stam verder oorleun verskuif die middelpunt van die kroon na punt B.



1.2. DIE MEERSTAMMIGE PIERNEEFSTYL:

Onder die meerstammige Pierneefstyle kan die volgende style onderskei word: die tweestam-, die driestam-, die vyfstam- en die groepstyl.

1.2.1. DIE TWEESTAMMIGE PIERNEEFSTYL:

Daar is heelwat reëls rondom die tweestamstyl en die belangrikstes word hier bespreek. Die tweestammige styl verteenwoordig 'n harmonieuse eenheid soos 'n Pa en seun, 'n Ma en dogter of 'n huwelik. Daar moet harmonie in die styl wees om uiteindelik as 'n eenheid te vertoon. In die tweestammige styl is die een boom altyd die dominante figuur en die ander een vervul 'n ondergeskikte rol.

- Bome moet mekaar komplimenteer. Lyne moet nie kruis nie en in dieslfde rigting vloei.